*UIT DIE PEN VAN DIE CEO (22/24)*
**(Volg my op X justchad_cga)**
*Justin Chadwick 31 Mei 2024*

***"Man's capacity for justice makes democracy possible, but man's inclination to injustice makes democracy necessary" Reinhold Niebuhr***

## LEMOEN FOKUSGROEP HERSIEN VOORSPELLING VAN 2024 UITVOERVOLUME

Ná 'n vergadering vandeesweek van die Lemoen Fokusgroep, het die CGA sy lemoen-uitvoerskattings afwaarts aangepas.

Die geprojekteerde aantal 15 kg kartonne Nawel-lemoene wat na verwagting uitgevoer gaan word, is nou 22 miljoen. Dit is 'n aansienlike vermindering van 14,5% vanaf die skatting aan die begin van die seisoen, wat 25,6 miljoen was. Die nuwe skatting verteenwoordig ook 'n afname van 11% vanaf verlede jaar, toe Suid-Afrika 'n totaal van 24,8 miljoen kartonne nawels gepak het vir verskeping na buitelandse markte.

Daar is verskeie faktore wat die aanpassing by die huidige seisoen se skattings genoodsaak het. Plaaslike sitrus- sappryse is tans hoog, en baie produsente trek voordeel hieruit. Vruggroottes is ook ietwat kleiner as gevolg van die warm en droë weer wat in groot dele van die land ondervind is. Dit beteken daar is meer individuele vrugte gepak in 'n 15 kg karton relatief tot verlede jaar. Erge winde het ook veroorsaak dat sommige vrugte vanaf bome in die Wes-Kaap geval het en haelskade is in sekere dele van die Senwes (Groblersdal en Marble Hall)-streek ondervind.

'n Toename van Egiptiese lemoene in die Europese mark speel ook 'n rol. Selfs al is Egipte teen-seisoenaal vir Suid-Afrika, het meer Egiptiese lemoene (soos tans) in die Europese mark 'n impak op die aanvraag in die vroeë seisoen.

Nawels maak ongeveer 17% van die totale Suid-Afrikaanse sitrusuitvoervolume uit.

Die geprojekteerde uitvoersyfer van 15 kg kartonne Valencia-lemoene is ook verminder tot net meer as 56 miljoen, wat 'n vermindering van 4% is vanaf die skatting aan die begin van die seisoen. Dit is egter vroeg in die Valencia-seisoen en 'n verdere verlaging is moontlik. Verlede jaar het Suid-Afrika 52 miljoen kartonne Valencias gepak vir verskeping na buitelandse markte. Valencias maak ongeveer 31% van die totale sitrusuitvoervolumes uit.

Dit is belangrik om daarop te let dat die algehele toename in lemoenproduksie in Suid-Afrika vir die volgende tien jaar op 'n geleidelike groeitrajek gaan voortduur. 'n Groter 2024-oes beteken egter nie noodwendig dat 'n buitensporige volume lemoene na uitvoermarkte verskeep sal word nie, wat die risiko van ooraanbod laag maak.

## GEPAK EN VERSKEEP

'n Bykomende kolom is by die weeklikse tabel gevoeg om te weerspieël wat die langtermynmodel waarop *Vision* 260 gebaseer is, vir 2024 aangeteken het. Die voorspelde volume volg *Vision* 260-volumes noukeurig. Merkbare verskille is dat mandaryne vóór en suurlemoene ágter *Vision* 260-vlakke is.

| Einde van Week 21<br>Miljoen 15kg Kartonne | Gepak | Gepak | Gepak | Verskeep | Verskeep | Oorspronk-like skatting | Nuutste voorspel-ling | Finaal gepak | *Vision* 260 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **BRON: PPECB/AGRIHUB** | 2022 | 2023 | 2024 | 2023 | 2024 | 2024 | 2024 | 2023 | 2024 |
| Pomelo's | 9.3 m | 7.8 m | 8.8 m | 6.7 m | 6.1 m | 16.8 m | 16 m | 14.7 m | 16.2 m |
| Mandaryne | 6.7 m | 9.3 m | 9.8 m | 5.9 m | 6.3 m | 43.0 m | 43.0 m | 38.m | 39.6 m |
| Suurlemoene | 13.5 m | 16.5 m | 15.9 m | 14.7 m | 11.9 m | 37.9 m | 36.8 m | 35.6 m | 39 m |
| Nawels | 2.8 m | 3.6 m | 4 m | 1.5 m | 1.3 m | 25.7 m | **21.9 m** | 24.8 m | 22.3 m |
| Valencias | 0.1 m | 0.2 m | - | - | - | 58.3 m | **56.1 m** | 52 m | 55.4 m |
| **Totaal** | **32.4 m** | **37.4 m** | **38.5 m** | **28.8 m** | **25.6 m** | **181.7m** | **173.8 m** | **165.1 m** | **172.5 m** |

***THE CGA GROUP (CRI, RIVER BIOSCIENCE, XSIT, CGA CULTIVAR COMPANY, CGA GROWER DEVELOPMENT COMPANY & CITRUS ACADEMY) ARE SUPPORTED BY AND WORK FOR THE CITRUS GROWERS' ASSOCIATION OF SOUTH AFRICA***